Leef saam
HUISGELOOF

## WELKOM

Gesels saam:

- Wie van julle is bang vir die donker?
- Watter dinge doen julle in die nag, maar nie in die dag nie?
- Wat doen ons in die dag, maar nie in die nag nie?

Julle gaan nou 'n verhaal lees van iemand wat vir Jesus in die nag kom besoek het in plaas van in die dag.

## WONDER

Lees Johannes 3:1-21 saam of gebruik die vereenvoudigde vertelling van Jesus en Nikodemus se gesprek (hulpmiddel: "Jesus en Nikodemus").

Gesels saam:

- Waarom dink julle kom Nikodemus in die nag na Jesus toe?
- Waarom dink julle sukkel Nikodemus om te verstaan wat Jesus sê?

Nikodemus dink dat hy net deur die onderhouding van wette en reëls in 'n verhouding met God kan leef (van onder na bo), maar Jesus draai dit om. Jesus leer vir Nikodemus dat God na ons toe kom (van bo na onder). Ons kan en hoef nie iets te doen om God se genade te verdien nie.

Gesels saam:

- Hoe laat dit jou voel dat God jou eerste kies, ongeag wie jy is?

## WEES

Kyk die volgende **video (https://www.youtube.com/watch?v=uk9mDIoKKdQ)** en doen dan die eksperiment saam met jou huisgesin

eksperiment saam met jou huisgesin.

Sit ’n (tee)kersie in die middel van ’n grootbord neer. Die bord simboliseer die wêreld en die teekersie verwys na Jesus. Gooi ’n bietjie water in die bord. Gooi gerus voedselkleursel by die water om dit sigbaarder te maak. Die water verteenwoordig die sonde (of die “duisternis” soos vers 19-21 dit stel) wat in die wêreld is.

Steek die kersie aan. Dit simboliseer Jesus wat gekom het om ons as mense te verlos (v 16). Sit ’n waterglas bo-oor die kersie. Wanneer die kersie se vlam doodgaan, sal die water in die bord in die glas opgetrek word. Dit laat ons dink aan Jesus se kruisiging waar Hy al ons sonde op Hom geneem het. Daarom kan ons in die lig leef danksy God se genade (v 19-21).

## WEGSTUUR

Lees Johannes 3:16 hardop saam. Skryf die vers neer en plak dit iewers waar julle dit elke dag sal sien. Probeer hierdie week om die vers te memoriseer.